WEEK 7 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

RESTORASIE VAN LOODGLASVENSTERS: Indien enige persoon kontakbesonderhede het van mense wat hierdie tipe restorasiewerk kan doen, skakel asseblief vir Anita Oberholzer van die NG Gemeente Frankfort by 058 813 1487 (k), of stuur 'n e-pos aan **ngkfft@telkomsa.net**

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG RIETFONTEIN VIER FEES!: Rietfontein dink vanjaar terug aan 'n honderd jaar van Christus in aksie in en deur die gemeente. Alhoewel die geboorte van hierdie tweede gemeente in Winburg uiters pynlik was, het die Here in sy onbegryplike genade, hulle reeds vir 'n eeu lank gedra en gebruik, dáár waar hulle sy kerk probeer wees. Die **gemeente se verjaarsdagdatum is 31 Mei** en die **partytjie vind op Saterdag 3 Junie 2017** plaas, wanneer hulle die **oggend met 'n Dankfees** vier met allerlei heerlike eet- en drinkgoed, onder andere hulle beroemde pannekoek en sosaties. Die **Saterdagaand** word daar 'n **konsert in die kerksaal** aangebied. **Pinkstersondag 4 Junie, is dit 'n feesdiens** met nagmaal, koorsang en trompetgeskal. Alle belangstellendes word uitgenooi om saam met dié gemeente te kom fees vier. Oud-lidmate kan vir Bertus Celliers kontak by 082 784 9735, of vir Rika by 051 881 0322 (k/u Ma-, Wo- en Vrydagoggende). *As iemand iewers foto's van die NG Rietfontein beskikbaar het, laat weet hulle ook asseblief.*

Hulle bied ook reeds op **Woensdag 8 Maart 2017 'n Steak-ete** aan met die oog op die eeufeesvieringe. Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar, skakel 051 881 0322 (Ma, Wo, Vr van 08:00-13:00).

NG FICHARDTKRUIN:

NG PELLISSIER stel hulle familiefees bekend – meer inligting sal later volg!

3. ANDER GEBEURE:

ENGO BIED AAN:

MISSIE JAPAN:

VRYSTAATSE TIENERS EN JONGMENSE (13 tot 18 jr) - NEEM KENNIS!: Kom geniet 'n ***#imagine-experience*** te **NAMPO-Park, Bothaville vanaf 18 – 20 Maart 2017.** Klik hier vir 'n kennisgewing met meer besonderhede, besoek gerus ook die amptelike webblad. **Gemeentes, bring asseblief hierdie inligting onder julle tieners en jongmense se aandag! Lees asseblief hier verder en kyk op watter wyse jy, jou gemeente of selfs jou organisasie, deel van hierdie beweging kan wees!**

'N SPLINTERNUWE PASSIESPEL IN AFRIKAANS: Hierdie jaar heet die passiespel, ***Judas Iskariot – wat is die prys van bloedgeld?*** Dit word op **Saterdag 1 April 2017 by twee geleenthede in die Sand du Plessisteater opgevoer** (sien biljet vir meer besonderhede rakende tye en koste van kaartjies). Kyk ook gerus na 'n lok-video by Judas Iskariot.

Daar gaan hierdie jaar ook 'n **Bybelse mark in die foyer** wees. **Gemeentes word uitgenooi om hulle voorstelle hiervoor in te dien** – klik hier vir meer inligting.

4. DAGSEMINAAR: *PA-WONDE EN MA-WONDE*:

Datum: Saterdag 25 Maart 2017 by die NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Klipkerk)
Sprekers: Prof Hannes Steinberg (UV Med Fakulteit); Dr Johannes Cronjé (UV Med Fakulteit); Prof Wentzel Coetzer (NWU Teol Fakulteit)
VBO punte: 10x (ook SAAP punte)
Navrae: Prof Wentzel Coetzer by 083 660 0409, of stuur 'n e-pos aan, **wentzelc@gmail.com**
Vir meer inligting, klik **hier**.